

## Fokusarea 4

Hierdie vier standaard fokus op hoe doeltreffend die institusionele gehaltebestuurstelsel die waarskynlikheid van studentesukses verhoog, leer en onderrig verbeter en die akademieskap van onderrig en leer ondersteun.

Standaard 13	Standaard 14	Standaard 15	Standaard 16
<p>Daar is 'n doeltreffende institusionele stelsel vir programontwerp, -goedkeuring, -lewering, -bestuur en -hersiening.</p>	<p>Daar is bewysgebaseerde skakeling op verskeie institusionele vlakke – onder personeel onderling sowel as tussen personeel en studente – oor die transformasie, hervorming en vernuwing van die kurrikulum; innovasie in leer en onderrig; en die rol van tegnologie in die kurrikulum, in die werkswêreld en in die samelewing in die algemeen.</p>	<p>Studente se blootstelling aan leer en onderrig by die instelling word, oor alle lokusse en modusse van lewering heen, ervaar as iets opbouends wat hulle sukses bemoontlik.</p>	<p>Instellings gaan om met die gedagte en besin daarvoor dat die gegradueerdes wat hulle lewer, in 'n veranderende wêreld aanstelbaar moet wees.</p>
Hoogs funksioneel	Hoogs funksioneel	Hoogs funksioneel	Funksioneel
<p>+ Die institusionele stelsel vir die ontwerp, ondersteuning en goedkeuring van nuwe akademiese programme wat op dataontleding gegrond is, is gevestig en doeltreffend. + Die sekretariaat stel voorlopige notas saam wat komitees in staat stel om opmerkings te bespreek en terugvoer te gee. + Daar is 'n instellingwye programvernuwingsprojek wat deur die DHOO-Universiteitskapasiteits-ontwikkelingstoekenning (UKOT) befonds word. + Uitmuntende en buigsame onderrig-en-leerprosesse, -stelsels en -raamwerke is tydens Covid-19 ingevoer (kurrikulum, onderrig-en-leer-benaderings, assessering en die rol van tegnologie) om die akademiese jaar te kan afhandel.</p>	<p>+ Voortgesette kurrikulum- en programvernuwing word binne fakulteite sowel as op institusionele vlak ondersteun en bevorder. + Daar is in aanlynstromingsinfrastruktuur in lesinglokale belê om hibriediese aanbieding moontlik te maak. + Studente word goed in fakulteitskomitees verteenwoordig. + Die hersiene Taalbeleid strook met die DHOO se Taalbeidsraamwerk (2020) deurdat dit op individuele sowel as institusionele meertaligheid fokus. + Onderrig en leer word vakkundig benader en die akademieskap van onderrig en leer, sowel as van opvoedkundige leierskap, word bevorder.</p>	<p>+ 'n Leergerigte benadering word gevolg, wat deur anonieme studentet rugvoer versterk word. + Daar is verskeie opnames en vraelyste waaraan studente kan deelneem + Daar is 'n Institusionele Komitee vir Bedryfskontinuiteit (IKBK) met 11 subkomitees wat elk konsentreer op 'n sleutelfaset van die US se werksaamhede wat deur die pandemie geraak is. + Daar is 'n bedryfskontinuiteitstroom vir onderrig, leer en assessering. + Die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) verskaf aanlyn ondersteuning. + Daar is duidelike beleide en riglyne oor prestasiebestuur en posevaluering. + Daar is 'n duidelike personeelontwikkelingsbeleid. + 'n Verskeidenheid professionele leergeleenthede is vir akademiese personeel beskikbaar.</p>	<p>+ Studente word met loopbaanintervensies ondersteun om so gou moontlik nadat hulle afstudeer het, in diens geneem te word. + Daar bestaan goed afgewentelde praktyke, soos LinkedIn-praktykgemeenskappe, binne departemente.</p>

### MOONTLIKE AKSIESTAPPE TER VERBETERING

<p>- Dit is moeilik om die getal Jaarboekwysigings en dokumentasie rakende nuwe programme te administreer. - Daar is groot onsekerheid oor die impak en gevolge wat die RHO se QAF vir die US inhou t.o.v. die beplande inwerkingstelling in 2024.</p>	<p>- Studentedeelname op departementele vlak moet versterk word. - Die lae responskoers op die elektroniese studentet rugvoerstelsel moet hanteer word deur die beleid en stelsel in heroënskou te neem.</p>	<p>- Die lae responskoers op die elektroniese studentet rugvoerstelsel moet hanteer word deur die beleid en stelsel in heroënskou te neem.</p>	<p>- Institusionele formalisering en ontwikkeling is nodig rakende nasporingsopnames onder afgestudeerdes en volgehoue interkasie met alumni en werkgewers.</p>
--	--	--	---